

Sing vooraf: Skrifberyming 1-1:1-3 (24:1-3)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe^oin dooie harte wek.
- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 71:1, 2 (p. 353)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 2 Wees my 'n rotssteen hoog verhewe, / hoog teen 'n bergwand aan, / waar 'k altyd in kan gaan.
U het beveel dat ek sal lewe; / en 'k leef, o grote^oOntfermer, / my Toevlug en Beskermer!

Geloofsbelydenis Nicea

Wet

Psalm 27:4 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

Gebed

Doop Riaan en Elzanne Koegelenberg se dogtertjie, Lika.

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".
En van alle^oonreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Voor die Skriflesing:

Psalm 86:1, 6 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Skriflesing: Esegïel 16. Openbaring 19:6. (Kategismus Sondag 25 en 21).

Teks: Esegïel 16:16

En jy het van jou klere geneem en vir jou kleurige hoogtes gemaak en op hulle gehoereer – dinge wat nie voorgekom het nie en nie moet wees nie.
(Esegïel 16:16 AFR53)

Die Here neem sy kerk – en daarmee elke gelowige – terug op die pad waar ons vandaan kom.

Hy gebruik 'n treffende beeld wat ontvou en aantoon hoe ons gekom het totdat ons diep in ons sondes verval geraak het. Dié sondes waarvan Hy ons elke keer tydens 'n doop en aan die nagmaaltafel verseker dat Hy dit vergewe het toe Hy vir ons versoening gedoen het.

Kom ons ondersoek die Here se openbaring in hierdie beeld:

Jy is 'n pasgebore baba – 'n weggooi-kind.

- Jy is 'n dogtertjie wat pas gebore in die veld weggegooi is om dood te bloei.
- Toe tel die Here jou op en gee jou lewe.
- Hy maak jou groot vir 'n huwelik met Hom!

In die ou tyd is dit as 'n ramp beskou as daar 'n dogtertjie gebore word – so erg dat sy baie keer nie eers as 'n kind gereken is nie. So 'n dogtertjie word as voorbeeld gebruik in hierdie profesie.

- Haar ouers wil haar doodmaak.
- Hulle was haar nie eers na haar geboorte nie, want water is vir hulle waarskynlik kosbaarder as sy.
- Sy word ook nie met sout ingevryf soos wat die gebruik in daardie dae was nie.
- Haar naelstring word ook nie eers afgebind en versorg nie.
- Sy word sommer in die veld weggegooi.
 - Sy lê daar en bloei.
 - Sy is vuil.
 - Sy is besig om te sterf in haar verlate en onversorgde toestand.

Dan kom daar iemand aan wat heeltemal anders voel oor die kind as wat die ouers oor haar voel. Hy sê vir haar:

Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef! (Esegïel 16:6b AFR53)

Dit beteken Hy neem hierdie dogtertjie wettig aan as syne.

- Hy word nou die Vader wat haar in sy arms laat lê.

- Daarom sê Hy twee maal vir haar: Leef!
- Daarmee wil Hy die verskil tussen haar ouers en Homself uitbeeld.
- Maar Hy wil ook daarmee die sekerheid dat sy nou beslis sal lewe, beklemtoon.

In die eerste plek praat die Here hier met Israel.

- Hulle moet onthou dat die Amoriëte en Hetiëte afgode gedien het, terwyl die Israeliete die HERE gedien het.

Maar die volk het ook teen God gesondig.

- Menslik is hulle swak, want sonder God kan niemand leef nie.
- Hulle is soos 'n baba wie se naelstring nie afgesny is nie.
 - Hulle bloei hulleself dood, want hulle besit geen krag hoegenaamd nie.
- Hulle sondes besmeer hulle soos wat hierdie weggoobaba met bloed en grond en gras besmeer is.
 - Amper te vuil om na te kyk en aan te vat. Dis hoe ons voor God lyk.

Daarom is dit nogal opvallend dat hierdie onhebbelike meisie – die baba toe sy grootgeword het – se lewe sterk ooreenkomste vertoon met die duivel se manier van doen soos wat die Here dit in Esegïël 28 openbaar. Die Here Jesus verwys ook na soortgelyke optrede as Hy verwykend sê:

Julle het die duivel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. (Johannes 8:44 AFR 53)

Die beeld wat die Here gebruik, praat nie net met die Israeliete nie. Hy praat ook met ons.

- Ons sal op die oordeelsdag só voor Hom wees: Vuil. Swak.
- Byna klaar dood in die vuil van ons sondes.

Maar dan herhaal God die bevel twee maal: Leef!

- Leef, julle wat só lyk in julle misdade.
- En dan wonder ons in ons sterwensoomblik: Hoe, Here?
- Dan antwoord God ons: Deur Jesus Christus julle Verlosser.

Dis presies waarvoor ons elke keer aan die Here se nagmaaltafel sit. Dit was presies dit wat die Here elke keer wanneer iemand gedoop word, aan ons bevestig.

- Dit is waarom ons vooraf selfondersoek doen oor die toestand van ons geloof en ons sondes en ons waardes soos gemeet teen die Here se waardes.
- Dit is waarom ons met ware berou oor alles wat ons verkeerd gedoen het, aan sy tafel aansit.
- Dis waarom ons ons kinders ten doop hou met die vaste hoop op die verlossing en ewige opstanding!
- God se antwoord op al die dinge is sy versekering van die vergifnis van al ons sondes deur Jesus Christus die Here se liggaam wat vir ons verbreek is en sy bloed wat vir ons vergiet is en ons sondeskulde van ons afwas.

Ons ware toestand van sondesmet word in Esegïël 16 uitgebeeld:

- Hierdie bloed en sondes en geboortesmet wat aan ons vaskleef en droog word, en wat by ons naelstring uitvloei, dit het die Here Jesus Christus van ons afgewas.

- By ons is dit deel van ons lewe om vuil te wees, want ons weet nie van beter nie.
 - Ons kan ook nie beter nie, want ons is weggooikinders, sê die Here.
 - Daarom moes ons altyd besef en herdink hoe sy liggaam gebloei het en Hy moes sterf vir ons.
 - Ons moes weer opnuut besef hoe Hy wat heeltomal goddelik rein was, sy lewe moes aflê vir ons wat besig is om te sterf in ons eie goddeloosheid.
 - Ons moet ook hoor hoe God vir ons sê:

Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef! (Esegiël 16:6b AFR53)

Leef dan nie net nou nie! Leef tot in ewigheid, want God het hierdie dogtertjie grootgemaak en toe sy in die tyd van liefde gekom het, het Hy met haar getrou.

- Hy het haar met olie gesalf, en die pragtigste klere vir haar aangetrek.
- Hy het 'n verbond met haar gesluit en sy het God s'n geword.

Mens wonder wat van hierdie onverskillige jong vrou geword het. Maar die Here vou die krag van sy genade oop as Hy self openbaar wat van haar geword het omdat Hy haar sonder ophou liefgehad het! Veral dan sy woorde en belofte aan haar:

En Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die HERE is; sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie meer oopmaak vanweë jou skande nie, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here HERE. (Esegiël 16:62, 63 AFR53)

Daarom openbaar die Here die vervulling van hierdie profesie van Esegiël 16 in wat Hy die apostel Johannes laat neerskryf in die boek Openbaring:

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. (Openbaring 19:7-8 AFR53)

Kyk hier wat het gebeur:

- Die Here het vir haar ander klere gegee – sy het nie meer die bont rokkie en die robvelskoentjies van Esegiël 16 aan nie!
- Sy dra nou blink fyn linne wat God vir haar gegee het.
- Sy hoereer ook nie meer op die hoogtes en die vlaktes vol nie – die Here het haar dade verander in regverdige dade!

Opgesom: God het alles vir haar gedoen dat sy verander is, herbeklee is en ook dat sy gered is!

U is die bruid. U is die kerk. As God dan in u bloed vir u sê: Leef! dan bedoel Hy lewe tot in ewigheid in sy koninkryk waar Hy alles is in almal.

Gemeente van Jesus Christus, kom ons dink weer almal met verwondering aan hierdie groot ding wat God gedoen het.

- Toe en hoe Hy van sy kant af ons in ons sondes tegemoetgekom het.
- Toe Hy sy Seun se liggaam voor sy toorn laat breek het en dat Hy dit so wou dat sy Seun se bloed teen die kruis afgedrup het sodat ons rein gewas kon word voor God.
- Hoor ook in hierdie preek hoe vas God se beloftes staan. En hoor dat Hy u verseker dat u leef tot in alle ewigheid.

Kom ons aanvaar ons volle verantwoordelikheid teenoor God en gaan leef in die Naam van God.

- Kom ons oorwin onself en ons breek uit ons sondes uit.
- Kom ons leef 'n stryd van oorwinning teen die sonde.
- Kom ons leef 'n lewe van daaglikse bekering.

Want geen mens kan sy lewe ontvang sonder om dit dan met dankbaarheid aan God terug te gee nie!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:62 (p. 598)

62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U beloof het, / na u kennis wonderklaar!
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasie-opening

Skrifberyming 5-4:1, 3, 5, 6 (10:1, 3, 5, 6)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry, / van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag? / Benoudheid wat ons hier nog wag?
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe^oof dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 4 September 2005

Gereformeerde Kerk Potgietersrus-Wes. Datum: 22 Februarie 2015

Gereformeerde Kerk Nylstroom. Datum: 22 Maart 2015

Gereformeerde Kerk Naboomspruit. Datum: 22 Maart 2015

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 29 Maart 2015